PREEKBLAADJIE VIR SONDAG, 25 OKTOBER 2026
SKRIFLESING: Openbaring 6:1-17 en 7:1-17. Aanvullend: Openbaring 8:1-13 en 9:1-21
TEMA: Wie kan staande bly?

Kernvers
Openbaring 6:17:
"… want die groot dag van hulle toorn het aangebreek, en wie kan staande bly?"

Kernboodskap
Die wêreld is gebroke en God se oordeel is werklik. Tog behoort die geskiedenis aan die Lam. God ken sy volk, bewaar hulle as sy eiendom en lei hulle uiteindelik na sy heerlike teenwoordigheid.

Inleiding: Die vrae waarmee ons leef
Waarom is daar soveel geweld, lyding en onreg in die wêreld? Waarom ly mense wat getrou aan God probeer leef? Hoe moet ons as gelowiges leef wanneer ons nie verstaan wat gebeur nie?
Openbaring 6–7 ontken nie hierdie vrae nie. Dit plaas hulle binne die groter verhaal van die Lam se oorwinning.

1. Die wêreld is gebroke, maar die geskiedenis is in die Lam se hande (Openbaring 6:1–8)
Die vier perde beeld die ontwrigtende werklikheid van verowering, geweld, ekonomiese nood en dood uit. Die wêreld is nie soos God dit bedoel het nie. Die magte van die kwaad is werklik, maar hulle is nie buite God se uiteindelike gesag nie.

Daarom die volgende oproepe: Moenie die kwaad ontken nie. Moenie elke ramp as 'n direkte straf op bepaalde mense verklaar nie. Hou vas aan die waarheid dat Christus Here is. Wees self 'n vredemaker, iemand wat die waarheid praat en mense in nood help.

Onthou: Ons hoop lê nie daarin dat die wêreld altyd voorspoedig sal wees nie, maar dat Jesus Christus Here is.

2. God vergeet nooit die lyding van sy kinders nie (Openbaring 6:9–11)
Die martelare roep: "Hoe lank nog?" Hulle vraag is 'n gebed om geregtigheid. God hoor hulle en gee aan hulle wit klere.

Daarom mag ons eerlik met God oor ons vrae en pyn praat. Ons hoef nie altyd te verstaan waarom God nie onmiddellik ingryp nie. Ons kan getrou bly terwyl ons op sy uiteindelike geregtigheid wag. Die kerk moet diegene wat ly, ondersteun en nie hulle pyn verkleineer nie.

Onthou: God se stilte beteken nie dat Hy die lyding van sy kinders vergeet het nie.

3. Die Lam maak dit moontlik om staande te bly (Openbaring 6:12–17 en 7:1–17)
Die sesde seël eindig met die vraag: “Wie kan staande bly?” Openbaring 7 antwoord met twee beelde: God se volk word met sy seël gemerk (aardse perspektief op strydende kerk) en ’n ontelbare menigte staan voor God en die Lam (hemelse perspektief op triomferende kerk). Die Lam wat geslag is, word die Herder van sy volk. God belowe om elke traan af te vee.

Daarom lê ons sekerheid lê nie in ons eie krag nie. God se beskerming beteken nie dat ons nooit sal ly of sterf nie. Ons behoort aan Christus, selfs wanneer ons nie die pad verstaan nie. Ons leef reeds nou as mense wat hoop op God se finale herstel.

Onthou: Ons staan nie voor God op grond van ons eie verdienste nie, maar omdat die Lam ons verlos het.

Afsluiting
Openbaring 8 en 9 herinner ons dat God se waarskuwings ernstig is en dat mense steeds tot bekering geroep word. Die boodskap van Openbaring is daarom tegelyk ’n waarskuwing en ’n troos. Die wêreld is gebroke. Die oordeel van God is werklik. Die mens moet tot bekering kom.
Maar die Lam het oorwin. God ken sy kinders. En die verhaal eindig met die Lam as Herder en God wat elke traan afvee.

Wanneer ons wonder of ons staande sal bly, moet ons nie net na ons eie krag kyk nie. Ons moet kyk na die Lam wat ons verlos en ons uiteindelik voor God laat staan.

Besprekingsvrae vir kleingroepe
1. Watter aspek van die vier perde herinner jou die meeste aan die wêreld waarin ons vandag leef? Waarom?
2. Hoe kan ons oor lyding praat sonder om mense wat ly, se pyn te verkleineer?
3. Wat leer die martelare se vraag “Hoe lank nog?” ons oor gebed wanneer God nie onmiddellik antwoord nie?
4. Wat beteken dit prakties dat God se seël ons as sy eiendom aandui, maar nie waarborg dat ons nooit sal ly nie?
5. Die Leeu uit die stam van Juda, is ook die Lam wat geslag is en hier in Openbaring 7 ook die Herder! Is dit nie wonderbaarlik nie? Vertel van ‘n keer wat jy die Here se leiding en sorg as Herder beleef het.
6. Watter konkrete dinge kan ons as gemeente doen om mense wat onder geweld, armoede, siekte of verlies ly, te ondersteun?
7. Openbaring 9:20–21 vertel van mense wat nie tot bekering kom nie. Waar moet ons vandag self op God se waarskuwings ag slaan?